Ons het al dikwels gehoor dat iemand sê: “Die waarheid maak seer.” Dis gewoonlik wanneer iets wat moeilik is, oorgedra moet word en die ander party dit nie noodwendig wil hoor nie. Maar daar is gewoonlik ook ‘n bietjie van ‘n geniepsige byt agter hierdie woorde. So ook in die uitdrukking, “Sit dit in jou pyp en rook dit.” Maar dan weet ons ook “‘n Mens vang meer vlieë met heuning as met asyn.” Daar is baie sulke sêgoed in die volksmond wanneer dit by die hantering van konflikte kom. Maar watter wyse raad het die Bybel vir ons wanneer ons ‘n konflik-situasie moet ontloot?

1. ONDERSOEK EERSTENS JOUSELF

Wanneer ons ‘n konflik beleef, is ons eerste reaksie om kwaad en veronreg te voel. Iemand tas my regte aan, verneder my, of weier om my opinie in ag te neem. Paulus se gevolgtrekking, wanneer hy skryf oor ‘n verskil in opinies oor watter dag of watter voedsel om as heilig te ag, is dit: “Want niemand van ons leef vir homself nie en niemand sterf vir homself nie. Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here” (Rom. 14:7-8 NV). Paulus maak dit duidelik dat ons God se eer moet soek, en nie ons eie nie. Dit gaan nie oor ons gekrenkte ego nie, maar oor wat Godsverheerlikend is. Dit gee ons perspektief: ons moet fokus op die “groot dinge”, nie klein sake nie. Paulus sluit af, “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:12 NV).

Ons moet dus seker maak dat alles wat ons doen, in liefde geskied (1 Kor. 16:14). Ons harts-motief is allerbelangrik, en dit is bekend by God. Ons moet dus ons kant skoonhou, die minste wees, en ons getuieis bewaar. Indien ons ontdek dat ons iets verkeerd gedoen het, moet ons om vergifnis vra. Wanneer ons God se eer najaag, en nie ons eie nie, is ons al ver op die pad van versoening. “Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God” (1 Kor. 10:31 NV). Ken Sande skryf dat hoewel dit soos ‘n paradoks klink, kan konflik lei tot God se ver-

heerliking. Mense hou ons dop wanneer ons in ‘n moeilike situasie is. As ons kies om anders op te tree as wat die gewoonte is, en nie ons eie belange na te jaag nie, maar God s’n, sal dit op ‘n getuie-nis uitloop.

2. BEKLEEU JOU MET GENADE

Hoewel dit moeilik is, moet ons besef dat die ander persoon dalk ‘n goeie beweegrede het om te doen wat hulle doen. Die Franse gesegde lui, “To know all is to forgive all.” Dit is soms waar - dit verwys daarna dat indien ons ontdek hoekom iemand optree soos wat hulle optree, kan daardie begrip ons help om die konflik op te los. Ken Sande skryf dat daar gewoonlik vier redes is waarom konflik ontstaan: swak kommunikasie wat lei tot misverstande, verskille in waardes en prioriteite, kompetisie wanneer daar beperkte hulpbronne is, en sondige gesindhede en gewoontes. Dit is basies onvervulde verwagtinge wat iemand koester (en nie alle verwagtinge is edel of realisties nie). Ons weet nie altyd wat iemand se beweegrede vir hul optrede is nie. Ons moet iemand dus die voordeel van die twyfel gee totdat ons die situasie goed verstaan.

Paulus herinner ons, “Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles” (1 Kor. 13:4-7 OV). Ryan Leak skryf, “Notice how stubbornly love tries to believe the best about people... When God’s love dwells in our hearts, it helps us see people through a different filter, a better filter. It helps us see people the way God sees them.”

Wat ‘n kragtige voorbeeld van vergifnis sien ons aan die kruis afspel: “En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig, en die kwaaddoeners, een aan die regter- en een aan die linkerkant. En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie” (Luk. 23:33-

34). Die mense het nie Jesus se vergifnis verdien nie - hulle het Hom beskinder, bespot, gesmaad, verag! Maar in hierdie geweldige omstandighede van verraad, verwerping en pyn het Jesus Hom tot die Vader gewend en vir hulle vergifnis gebid. Ons word uitgedaag om Sy voorbeeld na te volg.

3. BID OM ONDERSKEIDING

Baie keer tree mense vreemd op. Hul gedrag maak nie sin nie en is nie aanvaarbaar nie. Hulle stoot ander weg, is ongeskik en tree soos ‘n boelie op. Dit is dan wanneer dit nodig is om die Here om geestelike onderskeiding te bid. Ons moet besef dat daar baie keer pyn en verwerping agter iemand se optrede is, wat weer pyn in ander se lewe veroorsaak. Soms is dit selfsug en ongebreidelde ambisie en kompetisie - ‘n vleeslike gesindheid, ‘n sug na mag en beheer en status. Maar dit is baie keer dieper, komplekser. Iemand put hul waarde uit ‘n bepaalde beeld wat hulle voorhou, en hulle wil nie dat enig iemand in hul pad staan nie.

Hoe dit ook al sy, bid die Here vir onderskeiding, maar meer nog, vir ‘n geestelike sleutel om die slot van iemand se hart te ontsluit. So iemand is eintlik ‘n gevangene wat bevry moet word. As diensknegt wat onder die leiding van die Heilige Gees funksioneer, kan ons ‘n besondere rol speel om iemand los te maak van die leuens van Satan en die pyn van hulle verlede. Paulus bid ‘n besondere gebed vir die Filippense, “Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot Sy lof en eer” (Fil. 1:9-11 NV). Ons moet bid dat ons liefde sal toeneem, asook ons onderskeiding, en dan vir die wysheid van die Gees, sodat ons sal weet hoe om in elke situasie op te tree.

4. KOMMUNIKASIE IS NOODSAAKLIK

Om mekaar beter te verstaan, is dit noodsaaklik om ‘n saak uit te pluus en al die perspektiewe te

bespreek. Sodoende kom ons nader aan ‘n oplossing. Dit is maklik om kommunikasie te vermy en te hoop dat die konflik vanself sal verdwyn. Ander is weer veglustig. Dit is egter moeiliker om in nederigheid ‘n oplossing te soek en kommunikasie te inisieer. ‘n Berader het genoem dat dit ‘n belangrike stap is om ‘n huwelikspaar om ‘n tafel te kry en probleme uit te praat. In baie gevalle begin die een die ander een beter verstaan, en maak dan die nodige aanpassings om konflik op te los.

Dit is egter uiters moeilik as iemand weier om te praat oor ‘n moeilike saak. As die deur ferm toe is, moet ons bid vir ‘n oop deur. Ons moet iemand soms konfronteer, maar ander kere in sagtheid wys op ander perspektiewe rondom ‘n bepaalde saak. Ons moet ons egter eers in gebed voorberei op so ‘n moeilike gesprek. Ons moet bid om insig, wysheid, en kalmte. As ‘n mens net instorm en “feite” neerlê sonder om te luister of te probeer om die ander persoon te kant in te sien, kan dit meer skade as goed doen.

5. BID OM ‘N HARTSVERANDERING

Wanneer ons die kernoorsaak van ‘n bepaalde konflik in gebed onderskei het, iemand gekonfronteer het daarvoor, in liefde en genade (of soms in frustrasie) opgetree het en die saak nog nie opgelos is nie, moet ons bid vir ‘n hartsverandering. Nie net by die ander persoon nie, maar ook by onself. Ons met die Here vertrou - Hy verander harte. Mense is dalk nie gereed om te luister en aan te pas nie. Dit is dan dat ons moet terugstaan en tyd moet gee.

Paulus het aan Timoteus geskryf, “Sommige het dit [die boodskap van die saligheid] van hulle weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely, onder wie daar is Himenéüs en Alexander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle kan leer om nie te laster nie” (1 Tim. 1:19-20 OV). Na talle waarskuwings en mooipraak is dit soms nodig om uit die pad te kom en dat mense die gevolge van hulle eie sonde moet voel. Ons moet vir die Here vra om Sy doel met mense te bereik. Ons moet

Vervolg op p. 7

Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060

Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom
Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131
Thank you to all our loyal customers for your support!

Konflikhantering: Genade én Waarheid

Vervolg van p. 6

ook vir hulle bid dat hulle tot inkeer sal kom.

6. KIES JOU KONFLIKTE

Daar is 'n Engelse spreekwoord wat lui, "Pick your battles". Ons kan nie 'n bohaai maak oor elke ding wat verkeerd is nie. Dan sal ons heeldag besig wees om konflikte uit te sorteer of mense op hulle foute te wys. Verder gebeur dit baie keer dat 'n beuselagtige verskilletjie kan eskaleer tot 'n groot konflik. Mense wil nie noodwendig op hulle foute gewys word nie. Dit neem geweldig baie emosionele energie om met iemand in konfrontasie te staan. Ons hoef ook nie altyd reg te wees nie. Soms moet ons maar net iets laat verbygaan. Dit beteken nie dat ons dit goedkeur nie. Maar dit beteken dat ons nie die aas neem en dan ingesleep word by 'n bakleiery nie. Ryan Leak skryf, "I've learned the hard way that the success rate of reactions in conflict is not very high. Reactions are often defensive, offensive, or both. They are accusatory, villainising, and emotionally charged. They point fingers, find faults, and cast blame. But they don't really resolve the conflict. They just exaggerate it or bury it." Ons moet vir die Here vra of dit nodig is om 'n bepaalde saak op die spits te dryf. Ons moet vrede najaag, maar in die proses moet ons soms die aftog blaas. Ons lees in Spreuke 19:11 AMP, "Good sense and discretion make a man slow to anger, and it is his honour and glory to overlook a transgression or an offense [without seeking revenge and harbouring resentment]."

Neem Jesus se voorbeeld: Hy het definitiewe aksie geneem by die reiniging van die tempel (Matt. 21). Hy het mense gekonfronteer omdat hulle Sy Vader se huis, wat 'n huis van gebed moes wees, in 'n rowerspelonk omskep het. Dit was nodig dat Hy hulle verkeerde gedrag moes uitwys. Natuurlik het die rebelse harte van die Fariseërs Hom teëgestaan. Hy het hierdie konflik dus teen 'n hoë persoonlike prys geïnisieer. Maar Hy het gevoel dat dit ononderhandelbaar was. Op 'n ander keer (Joh. 8) wou die Fariseërs Hom betrap dat Hy nie die Wet nakom nie, of dat Hy mense aanmoedig om iemand te stenig. In beide gevalle sou hulle Hom kon aankla van 'n misdad. Hulle het dus 'n sondares voor Hom gebring en Hom gevra wat om met haar te maak. Hy het op die grond geskrywe en wou Hom nie laat intrek in die konflik nie. Hy het hier dus anders opgetree. Hy het egter die saak ontloft deur te sê, "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi"

(v. 7). Die punt is dat Jesus Sy optrede aangepas het na gelang van die saak wat voor Hom op die tafel was. So moet ons ook staatmaak op die leiding van die Heilige Gees en vir Hom wysheid vra om reg op te tree, gegee die probleem waarmee ons gekonfronteer word.

7. STAAN STERK

Soms is dit nodig, nadat 'n mens alles gedoen het om versoening te bewerk, om te staan by jou beginsels. Indien jy seker is dat jy reg optree en dat jy in die Here se wil is, en mense jou steeds teëstaan, dan moet 'n mens "instem om te verskil" ("agree to disagree"). Ons hoef nie vrede ten alle koste na te jaag en in die proses ons eie waardes te kompromiteer nie. Dit is nie maklik om van iemand te verskil nie, maar soms is dit nodig tot 'n getuienis vir baie. As daar sonde in iemand se lewe is, is dit soms nodig om iemand skerp aan te spreek en by hulle aan te dring om reg te maak. Ons moet dit in nederigheid doen sonder om iemand te verneder. Ons moet dit egter ook sonder vrees doen, omdat ons God meer as mense eer.

Paulus skryf dat, sover as dit van ons afhang en vir ons moontlik is, om in vrede met alle mense te leef (Rom. 12:18). Die frasering dui egter daarop dat dit soms, ten spyte van alle pogings en moeite van ons kant af, steeds nie moontlik is om vrede te bewerkstellig nie. Paulus skryf dat dit soms nodig is om voort te gaan om reg te doen, ten spyte van teëstand, omdat ons geroep is tot lyding, "Aleenlik, gedra julle waardig die evangelie van Christus, sodat, of ek kom en julle sien dan wel of ek afwesig is, ek van julle omstandighede kan hoor dat julle in een gees vasstaan en, een van siel, saam stry vir die geloof van die evangelie, en dat julle jul in geen opsig laat afskrik deur die teëstanders nie. Dit is vir hulle wel 'n bewys van verderf, maar vir julle van redding, en dit van God; omdat dit aan julle ter wille van Christus genadiglik gegee is om nie alleen in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly, terwyl julle dieselfde stryd het as wat julle in my gesien het en nou van my hoor" (Fil. 1:27-30 OV). Ons moet die Here bid om genade, sodat ons sal opstaan vir wat reg is, ten spyte en te midde van teëstand, sodat Sy Naam verheerlik sal word in ons optrede.

8. SOMS MOET ONS SKADE LEI

Ons leef in 'n tyd waar elkeen opstaan vir sy of haar regte. Dit is ook goed so - ons moet regverdig wees en ook opstaan vir dié wat nie vir hulself kan opstaan nie. Maar Jesus leer ons dat daar 'n perk is. In Sy Bergpredikasie,

waar Hy die Joodse wet geïnterpreteer het, leer Hy ons: "Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang [in minagting] slaan, draai ook die ander een na hom toe. En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie" (Matt. 5:38-42).

As ons mooi gaan kyk, "verdien" ons nie noodwendig regverdige behandeling nie. God is wel genadig en regverdig, maar nie almal is so nie. 'n Mens sou hoop dat almal vredeliewend en ordentlik en regverdig is; maar daar is tye wat dit nie baat om teen 'n selfsugtige en slegte mens op te staan nie, maar om eerder skade te ly en 'n konflik te vermy. Soms is die kool die sous nie werd nie, en moet ons terugstaan. Dit is wysheid, eerder as lafhartigheid. Ons moet die Here bid vir onderskeiding vir wanneer om so op te tree.

9. OORWIN DIE KWAAD DEUR DIE GOEIE

Paulus het besondere raad opgeteken in Romeine 12, veral m.b.t. die hantering van konflik: "Laat die liefde ongeveins wees; verafsku wat sleg is; hang die goeie aan; wees hartlik teenoor mekaar met broederlike liefde; die een moet die ander voorgaan in eerbetoning; verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed. Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie; vergeld niemand kwaad vir kwaad nie; bedink wat goed is voor alle mense; as dit moontlik is, sover as dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie" (v. 9,10,12,14,16-21).

Die liefde is die basis van alles; ons moet 'n rein motief hê, die goeie najaag, nederig wees, geduldig, eensgesind en biddend, mekaar seën, ons oog gevestig op Jesus, nie wrokkig of eiewys nie, en kwaad met goed vergeld. "Want die hele wet word vervul in

een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie. Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie" (Gal. 5:14-16 OV). Dit eggo die woorde in Filippense 2: "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was." Paulus gaan voort om Jesus se gesindheid te beskryf: Hy die Sondelose, het Homself vir sondige mense oor-gegee uit nederige liefde en gehoorsaamheid. Daar is nie 'n kragtiger Voorbeeld om na te volg as dit nie.

10. VERTROU DAT DIE HERE ALLES TEN GOEDE SAL LAAT MEEWERK

Soos genoem, kan die Here alles in Sy Hand gebruik, veral ook konflik. Nadat ons mooigepaard het, gebid het, hard gepraat het, opsygestaan het... kom daar 'n tyd om alles in die Here se Hand oor te gee en Hom te vertrou om dit ten goede te laat meewerk. Hy kan die onmoontlike doen. Hy sal ons eer as ons aan Hom oorgee.

Dit is so dat elkeen die vrug van sy dade sal pluk. Gal. 6:7-9 herinner ons, "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." Ons moet vertrou dat die Here regverdig is en aan ons reg sal laat geskied, en dat Hy in elke saak die goeie na vore sal laat kom.

SAMEVATTING

Dit is onvermydelik dat ons konflik in hierdie lewe sal ervaar. Wanneer dit gebeur, moet ons seker maak dat ons die Here se wil soek en dat Hy die eer sal kry. Ons moet ons kant skoonhou, genade aan 'n ander gee, bid om geestelike onderskeiding, konflik deurpraat, bid, vrysprek, prysgee, ons losmaak van wat agter is, opstaan teen wat verkeerd is, en die kwaad deur die goeie oorwin.

Daar is dus verskeie Bybelse voorskrifte wat ons kan navolg in 'n konfliksituasie, en ons moet die Gees vertrou om wysheid sodat ons in elke situasie reg kan optree. Laastens kan ons alles aan die Regverdige Regter oor-gegee, omdat ons weet dat Hy alles ten goede sal laat meewerk. Laat ons dan vredemakers wees, soos ons Vader in die hemel ook is! © C Venter

Cultivate What Matters Most

“Put on then, as God’s chosen ones, holy and beloved, compassionate hearts, kindness, humility, meekness, and patience” (Col. 3:12 ESV).

Colossians 3:12 tells us to “clothe ourselves” in traits that match our identity in Christ. In other words, we need to cover ourselves in actions and attitudes that result in us looking more like Jesus every day.

The more you intentionally pursue actions that lead to humility, compassion, and kindness, the more those traits will become a

natural part of your life.

The apostle John said that we can’t claim to love Jesus if we hate each other (1 John 4:20), so a life that reflects Jesus is going to embody love. And according to 1 Corinthians 13:4-7, love is *“patient and kind... It is not irritable, and it keeps no record of being wronged... Love never gives up, never loses faith, is always hopeful, and endures through every circumstance.”*

If we want to live like Jesus, then we need to receive the new life He’s given to us and accept His

unconditional love. We need to grow spiritually in the power of the Holy Spirit. Only then can we begin to reflect His love to others by showing people compassion, kindness, humility, gentleness, and patience.

Prayer: God, I am Your child. You have set me apart and adopted me into Your eternal family. So please shape my heart. Teach me how to act in a way that honours You. Remove any patterns of behaviour in my life that displease You, and replace them with characteristics that show how much I love You. In Jesus’ Name. Amen.
- Selected



We are His Children!



“I will bestow upon them within My household both an honoured place and an honoured name, even better than the honour that comes from having children. I bestow upon them my everlasting favour; you will never be forgotten” (Isaiah 56:5 TPT).

As believers, You and I have been given the honour of carrying His Name. We are royalty.

We’ve been granted a seat at the Lord’s table, not at the children’s table beside it. He wants us right next to Him so He can lean close and share His secrets. He wants

us in on His plans.

When we remember that we were created because God longed to share Himself with us like a parent who desires children, we gain a sense of belonging. Being in this family is empowering and perfect in every way.

With this Papa, we are known, desired, and cherished in ways we never knew possible. We are given everything we need to thrive in our identity and purpose. In this family, we stand humbly confident because we are fully known and fully loved.

Prayer:
Father, I want to pause and ponder the wonder of being Your child. I want this truth to permeate into the deepest part of my soul: I am wanted!

No parent on Earth, no friend, sibling, or spouse could ever love me the way You do.

Thank you for the great price you paid so we could be together for eternity. I love You and thank You that You first loved me! Amen.

From: The Vision, Brian Simmons and Gretchen Rodriguez

SAAI NET DIE SAAD

“Wie is Apollos of Paulus nou eintlik dat julle so oor ons verdeel is? Ons is tog net diensknegte deur wie julle tot die geloof gekom het. Elkeen van ons het maar net die werk gedoen wat die Here aan ons toevertrou het” (1 Korintiërs 3:5 NLV).

Een dag toe Charles Colson geskeduleer was om vir driehonderd gevangenes by die San Quentin tronk te preek, is daar ’n inspeksie uitgeroep en die meeste van die gevangenes is tot hulle tronkselle beperk. Colson het besluit om voort te gaan en vir die paar gevangenes wat toegelaat was om sy preek by te woon, die boodskap wat hy voorberei het, te gee.

Later, toe hy sy teleurstelling uitspreek dat die driehonderd gevangenes nie sy preek kon bywoon nie, is daar vir hom gesê:

‘Ons het jou boodskap opgeneem en gaan dit verskeie kere vir die meer as tweeduisend gevangenes in die tronk wys.’

Wat sou gebeur Colson tot sy teleurstelling ingegee het en net ’n kort toespraak gebring het in plaas van die volle evangelistiese boodskap wat hy voorberei het? Meer as tweeduisend gevangenes sou dan nie die evangelie gehoor het nie!

’n Geleentheid mag dalk opduik waar jy die enigste persoon beskikbaar is om namens God te praat. Sal jy betroubaar in so ’n oomblik wees? Jy speel ’n uiters belangrike rol wanneer jy die een is wat God geroep het om iets vir Hom te doen.

Die boodskap is egter belangriker as die boodskapper. Paulus skryf: *“...Ons is tog net diensknegte*

deur wie julle tot die geloof gekom het. Elkeen van ons het maar net die werk gedoen wat die Here aan ons toevertrou het. My werk was om die saad te plant. Apollos moes dit natgooi. Maar God het laat groei. Wie plant en wie natgooi, is nie belangrik nie. Die belangrike Een is God, want dit is Hy wat laat groei. Die een wat plant en die een wat natgooi, werk saam en het een gesamentlike doel, alhoewel elkeen sy eie beloning sal ontvang in ooreenstemming met sy eie harde werk” (verse 5-8 NLV).

- Bob en Debbie Gass

Laat ons dus getrou wees in die kleine en God vertrou om te gebruik wat ons aan Hom oorgee. Hy sal ons verbaas en ons getrouheid beloon. Ons moet net die saad saai, Hy sal die groei op wonderbaarlike maniere bring!



Lay Down Your Staff

“Now the Lord said to Moses and Aaron, ‘When Pharaoh says to you, ‘Work a miracle [to prove your authority],’ then you say to Aaron, ‘Take your staff and throw it down before Pharaoh, so that it may become a serpent.’”
So Moses and Aaron came to Pharaoh, and did just as the Lord had commanded; Aaron threw down his staff before Pharaoh and his servants, and it became a serpent. Then Pharaoh called for the wise men [skilled in magic and omens] and the sorcerers [skilled in witchcraft], and they also, these magicians (soothsayer-priests) of Egypt, did the same with their secret arts and enchantments. For every man threw down his staff and they turned into serpents; but Aaron’s staff swallowed up their staffs. Yet Pharaoh’s heart was hardened and he would not listen to them, just as the Lord had said” (Exodus 7:8-13 AMP).

Have you ever heard seasoned saints share the Bible’s wisdom? You can taste in their stories the God-given “life seasoning” as they toss details from memory into the pot and let them simmer

with God’s Word.

Sometimes the stories are bitter, sometimes tangy and spicy, sometimes pleasantly sweet. Life has its own way of flavouring what Scripture has already revealed to be true.

Years ago, I sat at the kitchen table of a wisened missionary. He and his precious and stalwart wife once smuggled Bibles behind the Iron Curtain during the cruelest days of the Soviet Union. He had certainly seen the good, bad, and ugly humanity of clergy and lay leaders in his day!

His eyes sparkled with faraway stories obviously playing on the screen behind his eyes, a screen that was out of view for everyone except him. Then those same eyes, full of memories, suddenly fixated on us at the table.

He began to talk about the time when Moses and Aaron locked horns with Pharaoh’s sorcerers in Exodus 7. He preached to us on God manifesting His glory and power in the faces of those who hated Yahweh and His people. He

discussed the prophetic warning given that Pharaoh foolishly ignored.

And then... his eyes danced as he spoke of Aaron’s staff. “You see, when Aaron threw his staff down in Pharaoh’s court as Yahweh had told him to do, he discovered the serpent that Yahweh said would be there.” Yes and amen. If God says it, it is so, and you can believe it with all your heart!

Then the moment came when all the staffs in the court scene were thrown down, revealing serpents within. The snakes writhed and battled each other, until Aaron’s staff devoured those of the sorcerers. What a terrifyingly tense scene that must have been!

Our brother leaned forward and lowered his voice to continue the story, nearly whispering: “Now, up until that moment, Aaron had been helping to lead God’s people, carrying the staff around, and completely unaware there was a serpent in it - until Yahweh told him.” He went on. “Because Aaron’s staff was given by Yahweh, the serpent He promised

was under Divine command to show His glory and power in Pharaoh’s court. But because the magicians’ staffs were in the service of idols and false gods, they were defeated and consumed by the display of glory of the One True God.”

And when Aaron picked that staff back up, now likely several times heavier with the weight of the others ingested, what object lesson was he left with? Our brother concluded: **“There’s a snake inside every leadership staff, and that snake will do the bidding of whatever god we serve - false or true.”**

Wisdom’s takeaway from Aaron’s staff is this: We can be our own biggest obstacles to ministry and Kingdom advance. Be careful with whatever measure of leadership God gives you. Whether it’s at home in our family, with friends, in ministry, the workplace, the world, whatever. Lay it down constantly for Yahweh’s purposes and take it up with confidence... knowing whose house it serves.

- KA Ellis, *Wisdom’s Call*

“Don’t Live Worried”

When I was a kid, I used to hear my dear dad remind people, "Don't Live Worried". Even in seasons of intense stress, he would constantly smile and say, "God created us to trust in Him!" As I got older, anxiety troubled me, too, so he would leave sticky notes on my door, car, or window that just said, "DLW!" with a happy face.

Can we really do that? Just not live worried by all the troubles around us? Yes! We can be aware, prepare, and yet not be weighed down, anxious, and distressed because God is in control and He's good!

The world around us can swirl with unrest about what's going on, what looks like it'll happen, and what's rumoured to be coming down the pike - that's normal for unbelievers - but, as followers of the one, true, living, powerful Rock of Ages, we were created to trust in Him and live joyfully!

If we haven't already, let's memorise Philippians 4:6-7: *“Do not be anxious about anything, but in every situation, by prayer and petition, with thanksgiving, present your requests to God. And the peace of God, which transcends all understanding, will guard your hearts and your minds through Christ Jesus”*

- Laurie McClure, Editor, Faith Gateway

Make a decision today to trust God! Entrust your future to Him - your family, your plans, your possessions, your ministry. Cast all your burdens on Him, for He cares about you. Trust Him and leave the consequences to Him. You will find that He is indeed trustworthy and an ever-present Help in times of need!

Wait on Me

“Then the men turned away from there and went toward Sodom, but Abraham still stood before the Lord” (Genesis 18:22).

Sometimes I simply want you to stand before Me rather than move. Inaction is not a sign of inactivity if I call you to wait on Me.

Such was the case for My son Abraham. Rather than rushing to choose for himself, he gave his nephew the choice of land when they were forced to part ways (Gen 13:8-9). Lot chose the way of the world by choosing Sodom, but My son Abraham entrusted his future to Me. He acted in faith, not knowing where he would land.

Strangely, he landed at a place called Mamre, which means “place of strength.” What we perceive as weakness in the world's eyes, I turn into a place of strength. And literally, this was a place of strength; some of My greatest oak trees flourish in this area. This too was symbolic of my son Abraham who was like a mighty oak in faith. He was an oak of righteousness before Me (Is. 61:3).

Abraham and I became true friends (Is. 41:8). This is My desire for you and Me, too. That I not only be your Father, but we would be really good friends. Learn to wait on Me, and in the silence of patient and trusting faith, you will learn to trust Me and you will see the fruit of this intimacy in your life!

- Os Hillman

Strength in Every Season

"I know what it means to lack, and I know what it means to experience overwhelming abundance. For I'm trained in the secret of overcoming all things, whether in fullness or in hunger. And I find that the strength of Christ's explosive power infuses me to conquer every difficulty" (Philippians 4:13 TPT).

Philippians 4:13 is a popular Bible verse that you may have seen posted on signs, social media, stickers, or cars. Maybe you've heard someone recite this verse before a sporting event or while trying to accomplish a difficult task.

Unfortunately, this verse is often misunderstood. This verse is not saying that we can accomplish whatever we want. Paul isn't talking about winning a sports game or having the courage to do something daring.

Instead, Paul is actually talking about his time in prison. He is referencing the power of God that was with him during this difficult time of ministry.

In Philippians 4:12 he talks about the power he has to live content in every situation in life. He learned how to live with abundance and with nothing. He learned to live with very little food and resources, and also with a lot of food and resources.

Paul found that regardless of his circumstances, God continued to supply him with the power to do the work of God. He never lacked the strength and resources to tell others about the good news of Jesus - even while he was stuck in a prison.

Paul could live in every season of life and accomplish all that God asked of him through the strength that God gave him.

So, instead of God giving us strength to do anything we want, He gives us the strength we need to endure various circumstances and accomplish the mission that He has given us. This means that you will never lack any resource to live a growing and godly life, or to share the good news of Jesus with others.

If you're in a season of abundance or a season of lack, remember that God is the One Who gives you the strength to endure every season. If you find yourself in a difficult situation, ask God to supply you with the strength that only He can give.

- Selected

"Your worst days are never so bad that you are beyond the reach of God's grace. And your best days are never so good that you are beyond the need of God's grace."

- Jerry Bridges

Jer. 20:11

★★★ **B&B** *Uit die Hand*

KLERKSDORP

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

Skakel "Alte-Welkom"

082 492 2299

018 468 1921

altewelkom@telkomsa.net

www.altewelkom.com

v a n d i e H E E R

WAT SAL GEBEUR WANNEER DIE HERE WEER KOM?

Dit is belangrik dat julle dit moet weet: In die laaste dae van die wêreld sal daar mense kom wat baie sal spot met ander mense. Hulle sal spot en hulle sal die slegte dinge doen wat hulle graag wil doen. Hulle sal sê: "Die Here het belowe dat Hy weer sal kom, maar hoekom het Hy nog nie gekom nie? Want ons voorvaders het lank gelede gesterf, maar alles bly dieselfde soos dit van die begin af was toe God alles gemaak het."

Die mense wat spot, sal hierdie dinge sê, want hulle wil nie ont hou dat die hemel lank gelede klaar daar was en dat die aarde uit die water gekom het nie. God het gesê dit moet so wees. Hy het die aarde uit die water laat kom. God het gesê die water moet oor die wêreld van daardie tyd vloei en dit moet die wêreld verwoes. Dit is ook God wat gesê het dat die hemel en die aarde wat nou daar is, nog daar moet wees en dat Hy dit sal verbrand op die oordeelsdag wanneer Hy die sondaars vir altyd sal laat sterf.

Maar my vriende, julle moenie hierdie een ding vergeet nie. Een dag is vir die Here soos 1 000 jaar, en 1 000 jaar is vir Hom soos een dag. Party mense dink dat die Here 'n lang tyd neem om te doen wat Hy belowe het. Maar dit is nie waar nie. Nee, die Here is jammer vir julle, want Hy wil nie hê dat party mense verlore moet gaan nie. Hy wil hê dat al die mense moet lewe soos Hy wil hê hulle moet lewe.

Maar die dag van die Here sal kom wanneer niemand sal dink dat dit sal gebeur nie. Daardie dag sal kom soos 'n dief wat kom wanneer niemand dink dat hy sal kom nie. Op daardie dag sal dit baie hard raas en dreun, en die hemel sal verdwyn. Die sterre in die lug sal smelt en verdwyn. Die Here weet wat almal op die aarde gedoen het en Hy sal hulle oordeel. God sal al hierdie dinge so laat verdwyn, daarom moet julle ook julle hele lewe aan God wy en daarom moet julle Hom dien. Julle moet wag vir die dag van God, julle moet wens dat die dag gou sal kom. Op daardie dag sal die hemel en die sterre verbrand en smelt en verdwyn. Maar ons wag vir die nuwe hemel en nuwe aarde wat God belowe het, daar sal mense altyd doen wat God wil hê.

Daarom, my vriende, terwyl julle wag dat hierdie dinge sal gebeur, moet julle heeltemal reg lewe. Julle moet probeer om nie dinge te doen waaroor julle skaam sal moet wees nie, en julle moet in vrede lewe. Julle moet ook weet dat ons Here geduldig is omdat Hy mense wil red. Hy het vir ons liewe vriend, Paulus, wysheid gegee, en Paulus het ook hierdie dinge vir julle geskryf. Hy het dit ook in al sy briewe geskryf, briewe waarin hy oor hierdie dinge gepraat het. In sy briewe is daar party dinge wat 'n mens moeilik verstaan. Mense wat nog nie alles verstaan wat gelowiges moet weet nie en mense wie se geloof nog nie sterk genoeg is nie, verstaan hierdie moeilike dinge verkeerd. Hulle verstaan die ander boeke van die Bybel ook verkeerd. Omdat hulle dit doen, sal hulle verlore gaan.

My vriende, julle weet klaar dat hierdie dinge later sal gebeur. Daarom moet julle baie goed oppas, want daar is mense wat nie gehoorsaam is aan die wette van God nie. Julle moenie dat hulle vir julle ook laat lewe soos hulle lewe nie, want dan sal julle nie meer seker wees van die dinge wat julle glo nie. Nee, julle moet aanhou om meer en meer te glo in die genade van ons Here en Redder, Jesus Christus, en om Hom beter te leer ken. Daarom moet ons Hom prys, nou en vir altyd. Amen."

(2 Pet. 3:3-18 Die Bybel vir Almal)

Oase van Hoop

AGS Baillie Park Gemeente

Paaskonferensie

Goeie-Vrydagdiens (18/4) om 09:00
Lofprysingsdiens Saterdag (19/4) om 17:00
Opstandingsondag (20/4) om 09:30

Pastoor Johan Nortje 083 280 8971

Oase van Hoop

AGS

Baillie Park Gemeente



OASE VAN HOOP

-KOFFIE KAFEE-

HEB. 6:19

est. 2023

